Tema: Christus ons Pionier, ons Verlosser, ons Broer en jou simpatieke Hoëpriester in die hemel.

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 213: 1, 2
Lied 207: 1, 2
Ps. 146-2: 1, 5, 6

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Lied 164: 1, 2
Votum
Seën
Lofsang Ps. 149-2: 1, 2
Geloofsbelydenis: 12 Artikels
Sing na belydenis Ps. 145-2: 1, 2, 3

Ons verootmoedig ons voor God
Wet uit Galasiërs 5: 13 – 26
Sing Sb. 12-5: 1
Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Hebreërs 2: 5 – 18
Teksverse: 9 - 11 en 17 – 18
Sing Lied 464: 3 (Kleuterbediening)
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed
Beide liefdegawes vandag vir Diakonie (Groot en klein boks)
Sing Lied 428 met beurtsang: Vers 1 almal, vers 2 broers, vers 3 susters, vers 4 almal
Seën
Amenlied: Sb. 13-2.

Geliefde brs en srs en liewe kinders

Die inleidingsparafgraaf van die Hebreërspreek of kom ons sê die openingstoneel van die prent wat vir ons geskilder word, is geheel en al deur Jesus Christus in beslag geneem.

Die skrywer het tot dusver daarin geslaag om ons aandag gevange te hou deur sy helder fokus op Jesus Christus, die Here! Hy is die laaste en finale kommunikasie van God met ons! Hy is ook die heerlike, magtige en Goddelike Boodskapper wat selfs groter as die engele is. So groot en indrukwekkend is Christus dat ons verlede Sondag gewaarsku is om nie weg te dryf in ons geloof nie maar styf vas te hou want Christus kom weer!

In hoofstuk 2: 5 - 18 maak die skrywer ‘n verrassende wending in sy beskrywing van Christus. Hierdie groot en heerlike Boodskapper van God doen iets wat nog niemand anders gedoen het nie! Hierdie optrede van Christus is so uniek van aard dat Hy hier in vers 10 ‘n “pionier” genoem word! ‘n Voorloper of Leidsman! Iemand wat vir die eerste keer iets regkry en doen wat vir baie mense na hom ‘n geweldige voordeel inhou!

En hierdie mense vir wie die Pionier hierdie baanbrekerswerk doen, is ons! Ons word nou in die teks van die preek ingeskryf! Ek en jy verskyn nou ook op die toneel! God die Vader se plan met Jesus Christus was dat ek en jy daaruit voordeel kan trek!

Daarom is die tema van vandag se boodskap: Christus is ons Pionier, ons Verlosser, ons Broer en jou simpatieke Hoëpriester in die hemel.

Kom ons kyk eerstens na Christus as ons Pionier- Verlosser en wat dit vir ons beteken!

Wat is die verrassende wending wat die vertelling van Christus in ons teksgedeelte neem? Ons het Hom tot dusver gesien in sy absolute grootheid en heerlikheid en mag en majesteit as God se boodskap en Boodskapper! Ons het van Hom gehoor as die grootste en die eerste in die ganse heelal! Daar is niemand groter as Hy nie!

Maar kyk wat doen Hy! Christus doen afstand van sy heerlikheid, sy mag en sy eer! Hy gee sy eerste plek in die wêreld prys! Hy offer dit op en Hy word vir ‘n kort tydjie minder as engele gemaak! Hy gee sy hemelse heerlikheid prys! Hy word ‘n mens! Van koning na slaaf! Nee, nog erger: van Eerste in die Skepping na misdadiger!

Hy stap ‘n onbegryplike lydingspad sodat Hy ander mense deur sy dood kan red en hulle lewens vir altyd ten goed kan verander! ‘n Ware Pionier! Wat is ’n pionier? Kinders: ’n pionier is iemand wat iets doen wat ander mense nog nooit kon doen nie! Dink aan die Wright broers van Amerika wat die eerste keer gevlieg het! Of die mense

wat vir die eerste keer op die maan geland het! Niel Armstrong en sy span! Hulle was pioniers! Hulle was die eerstes wat dit ooit kon doen! Nog ʼn voorbeeld is dr Chris Barnard wat vir die eerste keer in die ganse geskiedenis die hart van een mens in ʼn ander oorgeplant het! Watter ander woorde kan ons dit mee beskryf? Baanbrekers! Voorlopers! “Leidsman” vertaal die 1983 Vertaling! “Bewerker” vertaal die 1933 vertaling!

Christus ons Pionier-Verlosser! Hy doen die ondenkbare, die onmoontlike: God word mens ter wille van mense! Hy doen tydelik afstand van sy eerste plek in die heelal om die laaste plek in te neem, die minste te word, minder as die engele en die mens – Hy kom dien ons deur ʼn geweldige lydingspad as mens te kom loop, sy lewe vir ons af te lê sodat ons kan deel in sy grootheid en sy heerlikheid!

Vir wie sou Jesus dit doen? Vers 10 sê dit: vir my en jou! God wou ons laat deel kry aan Christus se heerlikheid! Sondige mense kry deel aan die goddelike heerlikheid deurdat Christus die volmaakte offer bring! God is tevrede! Die prys is vir al my en jou sonde is betaal!

Ek en jy deel in beginsel nou aan Christus se heerlike koninklike heerskappy. Vers 8 verduidelik dat ons lewe vanweë die sondegebrokenheid nog nie geheel en al ʼn lewe van konings is nie! Maar: ons kyk anders! Ons sien Jesus nou reeds met eer en heerlikheid gekroon! Na sy lyding en sy offer ter wille van ons, het Hy sy eerste plek in die heelal weer gaan inneem en ek en jy sit in die geloof saam met Hom daar!

Geliefde brs en srs,besef jy wat dit vir ons beteken? Dat ons midde die gesukkel van ons bestaan, midde ons worsteling met die sonde en te midde van ʼn stukkende wêreld, dat ek en jy reeds Christus se heerlikheid en koningskap kan ervaar! Dat ons mag weet: ons lewe is in die hande van ons Koning! Ek en jy kan heers oor ons sonde!

Ons kan ʼn wesentlike verskil in hierdie stukkende wêreld maak omdat ons Christus as Koning sien en weet dat Hy regeer! Ons kan saam met Hom begin heel maak wat sonde hier gebreek het! Wat ons regeer saam met Hom! Ons deel nou aan sy Koningsmag en sy Koningsheerskappy! Dit is die ongelooflike wat ons Pionier-Verlosser vir ons kom doen het!

Ons hoef nie die Satan of die vyandige wêreld en bose mense te vrees nie! Ons hoef nie moedeloos en magteloos op ʼn hopie te sit en treur oor ons sonde en die stukkende wêreld nie! Nee, ons deel aan die Koning van die wêreld se heerskappy! Alles wat Hy het, is tot ons beskikking! Die grootste van sy gawes is God die Heilige Gees wat in ons harte kom woon het en ons laat deel aan al Christus se geestelike rykdomme! Goddelike krag en goddelike vermoëns wat die Gees ons skenk! Al die geestelike wapens in sy arsenaal! Al die gawes en die vrug van die Gees!
Ja, ons is reeds konings! En daarom met ons heers!

En daar is vir ons in hierdie preek, hierdie toneel ,nog meer ! Ons Pionier-Verlosser, is ook ons oudste Broer! Kom ons kyk in die tweede plek na Christus wat Homself ons Broer noem! Vers 11 en 12 beskryf hoedat Christus die volmaakte offer was en daarom sonder skaamte ons sy broers noem! Hy het immers soos een van ons geword!

Nou is ons nie meer vyande van God nie, maar God se kinders! Ons is nou deel van die huisgesin van God! God is ons Vader, Jesus is ons oudste broers en ons almal is God se familie! Christus het ons losgekoop van die Satan en nou behoort ons aan God ons Vader! Ons behoort nie meer aan Satan nie! Hy het nou geen mag meer ons ons nie! Ons hoef hom nie meer te vrees nie!

Nou kan ons in vertroue leef soos kinders wat weet dat Pappa sal sorg! Hy sorg vir alles in ons lewe! Wat ŉ wonderlike voorreg! Om in teespoed en in voorspoed te weet: ek is God se kind! Christus is my Ouboet – Hy waarborg dat Pa sal sorg! Vir alles – ja! Alles! Vertrou Hom met jou hele lewe! Wat ŉ wonderlike genade!

In die derde en laaste plek het Jesus ook ons simpatieke Hoëpriester in die hemel geword! Die tema van Christus as Hoëpriester gaan nog in diepte verder in die preek verduidelik word! Maar wat beteken dit hier vir ons? Christus was – vir die tyd dat Hy sy eerste plek in die heelal prysgegee het en sy goddelike heerskappy eenkant gesit het – toe Hy mens geword het, in elke opsig net soos ons – ŉ volledige mens! Hy het net nie gesondig nie! Daarin was Hy uniek!

Maar Hy het volledig die pad in ons gebroke wêreld kom loop! Hy is gebore uit ŉ vrou! Hy was ŉ baba en het honger en dors geken! Hy moes opgroei en groot word en leer en groei! Hy moes werk en sweet en moeg word! Hy is deur die Satan versoek om sonde te doen, net soos Satan my en jou vandag versoek! Hy het swaar gekry! Eensaam geword! Bang geword! Gehuil en getreur! Kwaad geword oor sonde en onbekeerlikheid! Gebloei en pyn gehad! Sterwensangs en dood beleef! Die volle mense pad van swaarkry en lyding!

Hoekom? Sodat Hy ons saak op die beste manier by God kan bepleit! Omdat Hy presies verstaan wat ek en jy elke dag beleef! Daarom is Hy die beste een wat vir ons by God ons Vader kan intree!

Soos die hoëpriester in die Ou Testament een keer per jaar in die Allerheiligste deel van die tempel kon ingaan, so het Christus met sy hemelvaart die heiligdom van God se hemele in gegaan en nou, vandag, is Hy daar! Vandag en elke dag is Hy daar besig om soos die hoëpriester ons saak by God te bepleit! Hy bring ons gebede en ons pyn en ons kommer en ons vrese voor die Vader! Nou kan Hy ons help – want Hy was hier! Hy weet en Hy verstaan!

Geliefdes, wat ’n geweldige diep troos en genade vir my en jou! Christus dien ons vandag in die hemel as ons Hoepriester. Daar is niks wat met jou kan gebeur, hoe sleg, hoe swaar, hoe seer ook al wat Jesus nie verstaan nie! En Hy kan jou nood, jou pyn, jou emosies en gevoelens – hoe diep en seer, namens jou by God ons Vader bepleit!

Verstaan jy wat dit beteken? Ja, God hoor en weet presies wat jy ervaar en wat jy nodig het! En om Christus ontwil – met ander woorde – omdat Christus ons Pionier-Verlosser geword het, omdat Hy ons oudste broer is en ons Hoepriester, sal God luister en sal God voorsien!

Bid jy maar net en glo! Ja, bid jy maar net en glo!

Geliefde br en sr en liewe kinders
Wat ’n wonderlike wending in die Hebreerspreek! Wat ’n wonderlike genade om so deel van die Godstoneel gemaak te word!

Dat Christus ter wille van my en jou hierdie ondenkbare en ongelooflilke Pionerswerk kom doen het!
Hoe God ons in die heerlikheid van Christus laat kom deel! Dat Hy ons Verlosser is en ons van Satan losgekoop het! Dat ons nou saam met Hom kan regeer!
Dat Hy ons oudste broer in die huisgesin van God is, waar ek en jy nou ook van deel is! Dat Hy nou – vandag – op hierdie oomblik en tot met sy Wederkoms – jou simpatieke Hoepriester in die hemel is! Wat jou verstaan en wat vir jou intree!

Wat ’n heerlike preek om van deel te wees! Wonderlik om in hierdie toneel te mag speel.

Amen